16.3 RAPPORT 2: DEPUTATE EKUMENISITEIT BINNELANDS – VERHOUDINGE MET NGK EN NHKA (Art 27)

A. Ds C Aucamp stel die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
C. Die vergadering gaan in camera vir bespreking by punt 4.2.
D. Dr JJ Gerber van die NGK kry geleentheid om op die besluit te reageer waarop hy dit as ‘n historiese oomblik beskryf vir die pad van die GKSA en NGK saam verder. Hierdie besluit is vir die Gereformeerde teologie in SA en die onderskeie kerke van uiterste belang.
E. Ds PW Kurpershoek gaan voor in ‘n dankgebed na aanleiding van die besluit.

F. **RAPPORT**

1. Tussenkerklike Raad

1.1 *Opdrag (Acta 2012:184, 1.8.2)*

1.1.1 Die te benoeme Deputate gaan voort om aan die Tussenkerklike Raad deel te neem en alle opdragte soos vervat in die Grondslag van die Tussenkerklike Raad uit te voer.

Besluit: Kennis geneem.

1.2 *Vir kennisname: Verloop van die gesprek*

1.2.1 Gedurende hierdie termyn het vergaderings van die TKR in 2012 en 2013 plaasgevind.

1.2.2 Tydens die vergadering in 2012 is gesprek gevoer oor teologiese opleiding en spesifiek die verhouding kerk en Universiteit. Ook is aandag gegee aan die implikasies van die Belydenis van Belhar, spesifiek gesien vanuit die besluit van die Algemene Sinode van die NGK om die proses te begin om die Belydenis van Belhar as deel van hul belydenisgrondslag te aanvaar.

1.2.3 Die vergadering in 2012 en veral dié een in 2013 is egter gekenmerk deur ‘n indringende besinning aangaande die funksionering en toekoms van die TKR.

1.2.4 In 2012 het aanvanklik ‘n versoek van die NGK gedien dat die TKR net een maal per jaar vergader. Die redes hiervoor was onder andere die siening dat gesprekke insake eenheid eerder bilateraal moet plaasvind asook koste- en tydsoorwegings.

1.2.5 Daar is binne die TKR ooreengekom om net een keer per jaar te vergader en die krities-opbouende gesprek wat gewoonlik binne die TKR plaasgevind het, na die bilaterale gesprekke te kanaliseer.

1.2.6 Die TKR sou dus voortbestaan as ‘n voertuig vir die drie kerkgemeenskappe om hulle verbondenheid te vier, samewerking te fasiliteer en openbare getuienis te lewer.

1.2.7 Gedurende 2013 is egter ‘n brief van die Moderamen van die NGK ontvang waarin hulle gestel het dat die NGK weens verskeie redes uit die TKR onttrek.

1.2.8 Op versoek van die Deputate van die GKSA, ondersteun deur die NHKA, het die TKR vergader om die besluit van die Moderamen van die NGK te bespreek. Tydens hierdie vergadering is erken dat die drie kerkgemeenskappe – gegewe die geskiedenis van die pad met mekaar – hierdie gesprek nie maar net kan laat los nie. Daarmee saam is gestel dat die TKR nie sonder meer kan ontbind nie, maar ook nie sonder meer en ongekwalifiseerd kan bly voortbestaan nie.

1.2.9 Gevolglik is ooreengekom dat die TKR hom vir die huidige daarop toespits om, soos dit in die historiese perspektief van die huidige Grondslag van die TKR verwoord is, die verhouding tot ‘n hegter kerkregtelik-verantwoorde eenheid te voer.

1.2.10 Hiervolgens is die volgende aanbeveling insake die voortsetting van die werksaamhede van die Tussenkerklike Raad voorberei wat volgens ooreenkoms aan die Sinodes van die onderskeie kerkgemeenskappe voorgelê sou word:

1. *Die besondere verhouding tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, wat vanaf 1958 in die Tussenkerklike Komitee en sedert 2004 in die Tussenkerklike Raad tot uitdrukking gekom het, het uit 'n gemeenskaplike reformatoriese herkoms, 'n gesamentlike sosio-historiese kontekstualiteit en 'n gemeenskaplike taal gegroei. Ondanks die verskeidenheid in kerkformasie en kerklike etos, asook graadverskille in die belewenis van die gemeenskaplike belydenis, het die kerkgenootskappe deur die jare op grond van 'n gemeenskaplike groeibodem 'n verhouding van geloofseenheid in Christus gehandhaaf.*
2. *Oortuig daarvan dat ons in Christus een is, is die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika verbind tot kerkregtelik-verantwoorde samewerking tussen die drie kerke op bilaterale en/of trilaterale vlak.*
3. *Die onderskeie Sinodes aanvaar dat hierdie oortuiging sal uitloop op gestruktureerde samewerking wat kan lei tot gestaltes van eenheid wat bepaalde organisatoriese konsekwensies mag hê.*
4. *Die onderskeie Sinodes versoek dat die Tussenkerklike Raad binne bogenoemde uitgangspunt funksioneer en sy grondslag dienooreenkomstig sal wysig met instemming van die bevoegde kerklike vergaderings.*

1.2.11 Hierdie aanbeveling is reeds deur die Algemene Kerkvergadering van die NHKA in September 2013 en die Algemene Sinode van die NGK in Oktober 2013 goedgekeur.

Besluit: Punte 1.2 tot 1.2.11 kennis geneem.

1.3 *Vir besluitneming: Aanbevelings*

1.3.1 Die Sinode keur die optrede van die Deputate soos hierbo gemeld, goed.

1.3.2 Die Sinode keur die aanbeveling oor die voortsetting van die werksaamhede van die Tussenkerklike Raad – soos hierbo gegee – goed.

1.3.3 Die te benoeme Deputate gaan voort om aan die Tussenkerklike Raad deel te neem en alle opdragte soos vervat in die Grondslag van die Tussenkerklike Raad uit te voer.

1.3.4 Die te benoeme Deputate gee binne die Tussenkerklike Raad aandag aan die nodige wysigings van die Grondslag van die Tussenkerklike Raad en lê dit aan die volgende Sinode voor vir goedkeuring.

Besluit: Punte 1.3.1 tot 1.3.4 goedgekeur.

2. Parlementêre Lessenaar

2.1 *Opdrag (Acta 2012:186, 2.3.1 en 2.3.2)*

2.1.1 Die te benoeme Deputate gaan voort om die GKSA se deelname aan die Parlementêre lessenaar te fasiliteer – in oorleg met die Deputate Ekumenisiteit Owerheid.

2.1.2 Die te benoeme Deputate stel ondersoek in na die wyse waarop die deelname aan die Parlementêre Lessenaar geformaliseer kan word, insluitend die reëlings rondom 'n finansiële bydrae van die kant van die GKSA (reeds goedgekeur in 2006).

Besluit: Punte 2.1.1 en 2.1.2 kennis geneem.

2.2 *Vir kennisname*

2.2.1 Die Deputate het geskakel met die Deputate Ekumenisiteit Owerheid. Die Deputate Ekumenisiteit Owerheid het te kenne gegee dat daar nie noodsaak is vir 'n formele ooreenkoms nie.

2.2.2 Skakeling met die Parlementêre lessenaar deur Deputate Ekumenisiteit Owerheid geskied hoofsaaklik *ad hoc*, persoonlik en informeel.

2.2.3 Tydens vergaderings van die Reformatoriese Konvent en die TKR is die saak van die Parlementêre lessenaar 'n staande agendapunt, word die nodige skakeling gedoen en inligting verkry word.

2.2.4 Die Deputate kan met dank rapporteer dat daar ‘n oop en vrymoedige verhouding is met die hoof van die Parlementêre lessenaar, dr Ben du Toit (NGK).

2.2.5 Veral die inligting oor die saak van huweliksbevestigers en dr Du Toit se skakeling met die owerhede in dié verband was waardevol.

2.2.6 In die lig van die informele en sporadiese aard van die kontak met die Parlementêre lessenaar is daar nie ‘n noodsaak of motivering vir ‘n spesiale bydrae van die kant van die GKSA nie.

Besluit: Punte 2.2.1 tot 2.2.6 kennis geneem.

2.3 *Vir besluitneming: Aanbeveling*

2.3.1 Dat die te benoeme Deputate die kontak en skakeling met die Parlementêre lessenaar van die NG Kerk op ‘n informele en *ad hoc*-basis voorsit.

Besluit: Goedgekeur.

3. Bilaterale gesprek: *Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*

3.1 *Opdrag (Acta 2012:185, 3.3)*

3.1.1 Die te benoeme Deputate gaan voort met bilaterale gespreksvoering met die NHKA.

Besluit: Kennis geneem.

3.2 *Vir kennisname*

3.2.1 Gedurende die afgelope drie jaar het die NHKA heelwat interne spanning beleef met die – soos deur hulle verwoord – kerkskeuring wat plaasgevind het. Die aandag wat binne die NHKA hieraan spandeer moes word, het die verloop van bilaterale gesprekke wesenlik beïnvloed. Verskeie pogings is aangewend om bilaterale gesprekke te reël, maar dit kon nie realiseer nie.

3.2.2 Tans word beoog om voor die end van 2014 nog ‘n bilaterale gesprek te reël. Hieroor sal, indien nodig, aanvullend rapporteer word.

3.2.3 ‘n Versoek is vanaf die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ontvang om ‘n groeteboodskap namens die GKSA oor te dra tydens hul Algemene Kerkvergadering gedurende September 2013. Die Deputate het di C Aucamp en PJ Venter afgevaardig om die Algemene Kerkvergadering by te woon en die groeteboodskap te bring.

Besluit: Punte 3.2.1 tot 3.2.3 kennis geneem.

3.3 *Vir besluitneming: Aanbeveling*

3.3.1 Die te benoeme Deputate gaan voort met bilaterale gesprekvoering met die NHKA.

Besluit: Goedgekeur.

4. Bilaterale gesprek: *Nederduitse Gereformeerde Kerk*

4.1 *Opdrag (Acta 2012:188, 4.3)*

4.1.1 Die Sinode keur die voorgestelde memorandum van ooreenkoms goed as vergestalting van die eenheid tussen die twee kerkgemeenskappe.
Besluit: Afgekeur en verwys na Deputate Ekumenisiteit Binnelands in oorleg met Deputate Leerstellig.

4.1.2 Die te benoeme Deputate gaan voort met bilaterale gesprekvoering met die NGK.

Besluit: Punte 4.1.1 en 4.1.2 kennis geneem.

4.2 *Vir kennisname*

4.2.1 Aangesien die voorgestelde memorandum van ooreenkoms met die NGK deur Sinode 2012 afgekeur is, is spoedig na Sinode 2012 met die NGK kontak gemaak om die gebeure tydens Sinode 2012 asook verdere gespreksvoering te bespreek.

4.2.2 ‘n Oop en indringende gesprek het in Februarie 2012 plaasgevind waartydens onderneem is om die bilaterale gesprek voort te sit, spesifiek aandag te gee aan die aard van die verhouding tussen die kerkgemeenskappe en ook op die terreine van samewerking te fokus.

4.2.3 Intussen is met die Deputate Leerstellig oorleg gepleeg oor die interpretasie van die opdrag van Sinode 2012 en die wyse waarop daaraan uitvoering gegee kon word. Uiteindelik is in gesprekke gekyk na moontlike probleme in die voorgestelde memorandum van ooreenkoms wat aan Sinode 2012 voorgelê is.

4.2.4 Verdere gesprekke met die NGK het egter op ‘n gewysigde memorandum uitgeloop. In hierdie *Memorandum van ekumeniese verhouding* word die ekumeniese verhouding wat sedert die begin van die interkerklike gesprekke in 1958 ontwikkel het en waaroor van Sinode tot Sinode gerapporteer is, beskryf.

4.2.5 Met die opstel van die Rapport is daar enkele formulerings in die Memorandum wat nog in oorleg met die NGK gefinaliseer moet word. Indien nodig sal hieroor aanvullend gerapporteer word.

4.2.6 Met die opstel van die Rapport is die gesprek met Deputate Leerstellig oor hierdie Memorandum nog nie afgehandel nie. Indien nodig sal hieroor aanvullend gerapporteer word.

4.2.7 Die Memorandum lees soos volg:

MEMORANDUM VAN
EKUMENIESE VERHOUDING TUSSEN
DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
EN
DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) en die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) erken mekaar as Gereformeerde Kerke. Ons doen dit op grond van die feit dat die leer in ons kerke volgens die Woord van God soos opgeteken in die Heilige Skrif is en tot uitdrukking kom in ons gemeenskaplike belydenisgrondslag:

1.1 Die drie ekumeniese geloofsbelydenisse, naamlik die Apostolicum, Nicea en Athanasius waarin ons ons verbintenis aan die een, heilige, algemene en apostoliese kerk uitdruk, en

1.2 Die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofsbelydenis en Dordtse Leerreëls waarin ons ons verbintenis met die Gereformeerde tradisie uitdruk.

Daar bestaan dus ‘n diep geloofseenheid tussen ons twee kerkverbande.

2 Ons erken ons Reformatoriese herkoms, ons gemeenskaplike geskiedenis tot 1859, die skeiding van ons weë daarna asook die volgehoue soeke en gesprekke oor baie dekades rakende die Bybelse eis aan ons ten opsigte van een wees van ons kerke. Aangesien die kerk van Jesus Christus die liggaam van Christus is, is ons geroep om die eenheid in Christus te laat realiseer en nie by ‘n geskeidenheid te berus nie. Daarom behoort ons, gegewe ons gemeenskaplike belydenis en geskiedenis, steeds te streef om ook sigbaar en konkreet een in Christus te word.

Hoewel hierdie eenheid nog nie volledig, genoegsaam sigbaar en struktureel gerealiseer het nie, is ons geroepe om dit wat reeds bestaan, verdere gestalte te gee. As kerkverbande groei ons saam met mekaar in die volheid van Christus en is ons net in staat om sáám met mekaar die breedte, lengte, hoogte en diepte van die liefde van Christus te begryp.

In hierdie verband wil ons graag stel:

a Ons glo dat ons Hemelse Vader, vir Wie ons afgesonder is en deur Wie ons leef, ons op die pad van kerklike eenheid lei en dat sy Naam deur uitdrukking van eenheid verheerlik word;

b Ons besef dat kerklike eenheid nie iets is wat ons in eie krag kan bewerk nie, maar dat dit as kosbare gawe uit die versoeningswerk van die Seun voortvloei. Alleen in sy krag kan ons ook die opdrag om die eenheid steeds meer te soek en te laat realiseer, gehoorsaam;

c Ons stel ons gewillig onder leiding van die Heilige Gees. Dit is die Gees alleen wat ons in die volle waarheid van sy Woord lei en daarom ook in die rykdom van eenheid wat die Vader vir ons deur sy Seun ontsluit het;

d Ons verbind ons tot ‘n groeiende verhouding, asook gesprekke oor en soeke na ‘n verdere vergestalting van eenheid.

e Ons onderneem om binne die raamwerk van die Gereformeerde belydenis en kerkregering met mekaar en ook onderling binne een kerkverband verskille wat die belydenis in gedrang kan bring, aan te spreek.

f Die aanvaarding van nuwe belydenisskrifte bring nie die ekumeniese verhouding noodwendig in gedrang nie.

g Die soeke na eenheid binne die GKSA en die NGK met betrekking tot ons onderskeie families van kerke, word erken en ondersteun. Ons onderneem om mekaar se besluite hieroor te respekteer, mekaar te akkommodeer, en om mekaar te betrek by verdere ontwikkelinge en besluite in hierdie verband.

3 Hoewel ons met verskille tussen ons kerke worstel, werk ons biddend daaraan om tot volle ekumeniese verhoudinge en uiteindelike eenheid te kom. Intussen leef ons daadwerklik saam met mekaar en fokus ons daarop om die bestaande terreine van samewerking te bestendig, te verdiep en te verbreed sodat die eenheid wat reeds bestaan meer sigbaar kan word. Hierdie eenheid word tans en in die toekoms sigbaar deur samewerking op die volgende terreine:

3.1 Wedersydse afvaardiging van twee lede met spreekstem na mekaar se onderskeie algemene sinodale vergaderings;

3.2 Gesamentlike getuienis – waar moontlik – teenoor owerheid en gemeenskap;

3.3 Samewerking in die Kommissie vir Buitelandse Bediening en bediening van mekaar se lidmate sonder om te verwag dat lidmaatskap opgegee word;

3.4 Gesamentlike deelname aan Bybelvertaling by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika;

3.5 Gesamentlike deelname aan die hervertaling van die belydenisskrifte;

3.6 Gesamentlike gesprekvoering – waar nodig – oor belydenisvorming;

3.7 Gesamentlike studie oor formuliere in die twee kerkverbande;

3.8 Gesamentlike gesprekvoering oor die liturgie in die twee kerkverbande asook voortgesette samewerking met die hersiening en ontginning van nuwe liedere;

3.9 Gesamentlike studie oor etiese kwessies;

3.10 Gesamentlike betrokkenheid by onderwyskwessies;

3.11 Koördinering van die twee kerkverbande se barmhartigheidswerk wat gesamentlik op gemeenskaplike terreine gedoen word;

3.12 Samewerking by die Parlementêre Lessenaar ten einde sinvol by die wetgewende proses betrokke te wees;

3.13 Gesamentlike betrokkenheid in die werksaamhede van die Tussenkerklike Raad (TKR) en die Conventus van Reformatoriese Kerke;

3.14 Kontinue gesprek oor Gereformeerde teologiese opleiding in die Suider-Afrikaanse konteks asook samewerking en ondersteuning in die verband;

3.15 Gesamentlike soeke na effektiewer wyses om saam by plaaslike en internasionale ekumene betrokke te wees.

Bogenoemde terreine van samewerking kan van tyd tot tyd aangevul en / of gewysig word.

4 Die konkretisering van eenheid word nie beperk tot bogenoemde samewerking nie. Indien plaaslike kerke geleenthede sien om daadwerklik saam met mekaar te leef en daar sodanige herkenning plaasvind, kan – volgens gebruike en besluite van die onderskeie kerkverbande – die volgende gebeur:

4.1 Die aanvaarding van mekaar se lidmate op grond van goeie getuienis van Kerkrade (attestate);

4.2 Belydende lidmate kan hulle kinders onderling ten doop bring volgens die gebruik en onderhewig aan die goedkeuring van beide Kerkrade;

4.3 Volle tafelgemeenskap vir belydende lidmate op grond van goeie getuienis oor leer en lewe;

4.4 Toegang tot mekaar se kansels deur leraars met bedieningsbevoegdheid onder toesig van die Kerkraad;

4.5 Gesamentlike eredienste vind plaas soos en wanneer Kerkrade dit nodig ag.

Met hierdie Memorandum bely ons saam op grond van die Skrif en ons belydenis die eenheid en katolisiteit van die Liggaam van Christus, die kerk van ons Here Jesus Christus. Ons doen dit "... sodat die wêreld kan glo..." (Joh 17:21).

4.2.8 Ter wille van duidelikheid word die volgende Bylae tot die Memorandum gegee waarin relevante Sinodebesluite aangehaal word wat dien as agtergrond vir sake genoem in die ooreenkoms:

BYLAE TOT MEMORANDUM

***BY 4.1 – ATTESTATE/LIDMAATSKAP* (KO, ART 82)**

Sinode 1958:138, 78C

Die Sinode verklaar dat die saak van lidmaatskap as sodanig tuishoort by die plaaslike Kerkraad (Sinode 1958:138, 78C).

***BY 4.2 – DOOP* (KO, ARTT 56, 61)**

Sinode 1945:126, 172

Die eerw Sinode word gevra om ter wille van eenvormigheid ten opsigte van die doopspraktyk in ons gemeentes, hom uit te spreek oor die wenslikheid dat net ouers wat lidmate is van ons Kerk voor die kansel toegelaat sal word.

Besluit: Elke partikuliere geval sal deur die plaaslike Kerkraad behandel word.

***BY 4.3 – NAGMAAL* (KO, ART 61)**

Sinode 1961:119, c(vi)

Die Nagmaal as sakrament is 'n saak van die *plaaslike kerk*, waar die Kerkraad toesig hou oor die toegang daartoe.

Sinode 1997:556, 3.2.2.2.3

Hierdie artikel (KO, art 61 – DEB) reël kennelik die toelating van gelowiges wat die Gereformeerde godsdiens huldig en wat met goeie getuienis aanmeld. Elke plaaslike kerk reël hoe hy hierdie beginsel in praktyk toepas (vgl weer Acta 1961:199 en 1967:589, 202).

BY 4.4 – KANSELRUIL

Sinode 1882:34, 84

Omtrent het over en weer preken, is zij van oordeel, dat het aan elken Kerkeraad overgelaten moet worden voor welken Evangeliedienaar, hij den kansel openstellen kan, met de opmerking dat de Kerkeraad voor zijne Gemeente en bij de hooge Kerkbesturen verantwoordelijk blijft, en dat hij zorg draagt dat hij geen anderen prediker voor de Gemeente laat optreden, dan van wiens rechtzinnigheid en goede trouw, hij zich ten volle verzekerd houdt. '

Sinode 2009:156, 2.6.4, 2.6.6

In die gesprek het dit duidelik geword dat daar ‘n persepsie in die NH Kerk bestaan dat Gereformeerde kansels in alle gevalle verbode is vir predikante vanuit die NH Kerk – volgens vorige besluite van die GKSA. Die Deputate het op die misverstand van hierdie persepsie gewys deur te beklemtoon dat die bevoegdheid en toesig op oor ‘n gemeente se kansel die verantwoordelikheid van die plaaslike Kerkraad is.

Die Sinode keur die Deputate se optrede in 2.6.4 goed.

4.2.9 ‘n Versoek is vanaf die Nederduitse Gereformeerde Kerk ontvang om ‘n groeteboodskap namens die GKSA oor te dra tydens hul Algemene Sinode van Oktober 2013. Die Deputate het ds C Aucamp en dr RM van der Merwe afgevaardig om die Algemene Sinode by te woon en die groeteboodskap te bring.

Besluit: Punte 4.2.1 tot 4.2.9 kennis geneem.

4.3 *Vir besluitneming: Aanbevelings*

4.3.1 Die Sinode keur die voorgestelde memorandum goed as beskrywing van die ekumeniese verhouding tussen die twee kerkgemeenskappe.

4.3.2 Die te benoeme Deputate gaan voort met bilaterale gesprekvoering met die NGK.

Besluit: Punte 4.3.1 en 4.3.2 goedgekeur.